

Hoe onderskei ek tussen 'n ware en 'n valse leraar?

Daar is vandag baie verskillende kerke en kerkgroepe – selfs onder Christen Afrikaanssprekendes. Elke groep het sy eie oortuigings van die waarheid. Baie mense kom in hulle lewe by 'n punt waar hulle ongemaklik voel met die groep waarvan hulle deel is, en hulle begin rondsoek. Of hulle verhuis, en moet in die nuwe omgewing besluit waar om te aanbid. Wat ook al die rede is, dikwels moet mense besluit by watter groep om aan te sluit. Die vraag is: Hoe besluit ek? Elke groep is oortuig hulle is reg en is passievol oor hulle oortuigings. Maar wie is reg? Of ten minste, wie is beter? Kan ek sommiges summier skrap van my kortlys? Indien wel, hoekom? Wat is daardie kenmerke waarna ek behoort te soek by die groep waarby ek aansluit?

Die vraag wat ons vra is eintlik: Hoe onderskei ek ware leer van valse leer? Dit is tog logies dat ek myself moet laat voed deur ware leer – anders loop ek die gevaar om die punt waaroor dit gaan te mis, en ek kan met die wederkoms van Jesus baie teleurgesteld staan.

Hierdie is nie 'n nuwe probleem nie. Die Ou Testament bevat verskeie voorbeelde van ware/valse profete, en in die Nuwe Testament is daar telkens waarskuwings oor die gevaar van vals profete of leraars – kyk maar net na 2 Petrus 2 en 1 Johannes 4.

In hierdie artikel staan ons grootliks stil by die gebeure in Jeremia 27 en 28 met die doel om 'n paar beginsels te identifiseer waarvolgens ons hierdie onderskeid tussen ware en valse profete/leraars behoort te maak.

As jy die 2 hoofstukke lees, is dit klinkklaar duidelik dat hier 'n gestoei is tussen Jeremia aan die een kant en 'n klomp ander profete aan die ander kant. Jeremia leer Sedekia (die koning), die priesters en die volk dat God se wil is dat hulle hulle moet onderwerp aan Nebukadnesar, die koning van Babel. Daarteenoor het die ander profete 'n ander opinie. Gananja is een van hierdie groep profete, en in Jer 28 maak hy die aanspraak dat God se wil is dat in plaas daarvan dat die volk hulle aan Nebukadnesar moet onderwerp, al die mense en goed wat Nebukadnesar reeds weggevoer het, oor 2 jaar na Jerusalem sal terugkom. Twee verskillende opinies – wie is reg? Uit die verloop van die geskiedenis weet ons Jeremia was die ware profeet, en Gananja vals – immers is die goed nie na 2 jaar teruggebring nie, trouens die volk is 7 jaar later in ballingskap weggevoer. Boonop is Gananja 2 maande later dood. Maar hoe moes die volk dit kan onderskei voor die profesieë in vervulling gegaan het?

As ons die gedeeltes aandagtig lees, word verskeie maniere duidelik waarop hulle (en dus ons) die onderskeid kan maak, en ook maniere waarop ons nie die onderskeid kan maak nie. Kom ons kyk eers na 2 maniere waarop ons nie die onderskeid kan maak nie:

1. Beide Jeremia en Gananja maak aanspraak daarop dat hulle namens die Here praat. Lees Jer 27:16, 28:2, 28:13. Ons moet dus versigtig wees om te aanvaar dat enigiemand of groep wat beweer dat hulle God se wil aan hulle volgelingen leer, dit wel doen. Valse leraars beweer ook so. Ons sal moet dieper soek om te kan onderskei.
2. Ons kan ook nie die aantal volgelingen gebruik om die waarheid van 'n leer te beoordeel nie. Gananja was een van 'n groep profete (Jer 27:14), terwyl Jeremia alleen gestaan het. Die koning, priesters en volk het eerder Gananja se boodskap geglo – en tog was sy boodskap vals. Ons kan dus nie oordeel dat as 'n sekere kerkgroep groot getalle het, moet hulle die waarheid leer nie. Ons moet egter ook versigtig wees om te oordeel dat groot getalle noodwendig valse leer impliseer. Getal volgelingen is net eenvoudig nie 'n maatstaf om die waarheid van lering te beoordeel nie.

Vervolgens kyk ons na 5 maniere waarop ons wel die onderskeid kan maak:

1. Die eerste riglyn kom nie uit Jeremia nie, maar wel uit 1 Joh 4:1-3. Lees dit. Hierdie gedeelte maak die onderskeidende faktor baie duidelik: Wat word geleer oor Jesus? En daar is net 2 moontlikhede: of daar word geleer dat Jesus die Christus (letterlik Gesalfde) is, of nie. As dit wel geleer word is dit ware leer, indien nie, is dit die leer van die antichris. Wat beteken dit as daar geleer word: Jesus is die Christus? Dit beteken ten minste dat Jesus, i.e. die Seun van God, die enigste en volmaakte Verlosser is van sondaarmense. Is dit die lering van die groep wat jy oorweeg? Trouens, is hierdie saak klinkklaar helder en duidelik wanneer hulle bely waarvoor hulle staan? Indien nie, volgens 1 Johannes, is dit die antichris.
2. Terug na Jeremia. Lees Jeremia se woorde in Jer 28:8, waar hy hom beroep op wat die profete van vroeër gesê het. Jeremia staan wel op hierdie stadium alleen teen 'n klomp ander profete, maar hy is oortuig dat wat hy sê in lyn is met wat profete voor hom gesê het. Ons kan hier dink aan iemand soos Jesaja wat ongeveer 100 jaar vantevore die volk ook herhaaldelik gewaarsku het om hulle te bekeer. Wat beteken dit vir ons? Aan die een kant moet jy ernstig wonder as die leer wat jy oorweeg iets nuuts is. Is dit realities dat gelowiges oor 2000 jaar verkeerd was, en dat hierdie groep nou skielik die eerste keer hierdie insig het? Maar meer belangrik: hoe strook die lering wat jy oorweeg met die Bybel, wat tog God se volledige openbaring aan die mensdom is? Word die Bybel absoluut hoog geag?
3. Lees Jer 28:9. Hier waarsku Jeremia dat hulle baie versigtig moet omgaan met voorspoedsprofesieë (oftewel vredesprofesieë). Let weer op, dit beteken nie alle voorspoedsprofesieë is vals nie – wees egter baie versigtig daarmee. Die riglyn van Jeremia is dat jy moet wag om te sien of die profesieë waar word voor jy besluit of dit 'n ware profeet is. Ons tyd word gekenmerk deur voorspoedsteologie. Wees baie versigtig hiermee. Onthou, ons leef steeds in 'n sondegevalle werklikheid, waar dit steeds nodig is dat die koninkryk van God moet groei – in getalle maar ook in heiligheid. Die Bybel is duidelik dat hierdie groei in heiligheid gepaard gaan met lyding (1 Pet 1:6-7). Hoe is dit dan moontlik dat alles net voorspoedig sal wees? Weereens, kom ons gaan eerder terug na die Bybel wat vol profesieë is, ook baie voorspoedsprofesieë. Ten minste het ons hope bewyse van hoe baie van hierdie profesieë alreeds akkuraat in vervulling gegaan het – die belangrikste daarvan sekerlik die profesieë aangaande Jesus se verlossingswerk! Definitief kan ons vashou aan die ander profesieë wat steeds in vervulling moet gaan!
4. Lees Jer 27:18. Jeremia maak hier die punt dat 'n ware profeet besorgd sal wees oor die behoud van die huis van die Here. Die tempel was in die Ou Testament die huis van die Here, en die simbool van God wat onder Sy volk woon. In die Nuwe Testament is die gelowiges die lewende stene in God se geestelike huis, met Jesus as die lewende hoeksteen (Lees 1 Pet 1:4-5). Hulle moet opgebou word met die doel om geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig sal wees. Dit sal die fokus wees van enige ware leraar. Is die fokus van die groep wat jy oorweeg dat God geëer sal word in hierdie lewe en in die hiernamaals? Of is die fokus beperk tot 'n poging om hierdie wêreld 'n beter plek te maak?
5. In Jer 27:18 lees ons ook dat so 'n profeet pleitend voor God sal wees met die doel wat onder punt 4 hierbo genoem is. Let wel, hy eis nie van God nie, hy skryf ook nie aan God voor nie, nee, hy pleit voor God. Jy kan baie leer van die leraar wat jy oorweeg deur te luister wanneer hy tot die Here bid. Is hy nederig en pleitend voor die Here, diep bewus van God se heerlikheid, en netso diep bewus van sy eie sondigheid en nood? Of is hy, soos ons

lees in 2 Pet 2:10, verwaand, uitdagend en huiwer hy nie om selfs hemelwesens te beledig nie? Dit is 'n valse leraar wat so optree.

God het vir ons riglyne gegee waarvolgens ons kan en moet onderskei tussen ware en valse leraars. Laat ons met groot erns hierdie riglyne biddend gebruik tot Sy eer.